

# Swaeltjies se Trekgewoontes

T Farkas

Lente het so pas aangebreek en swerms swaeltjies is reeds in die lugruim bokant die stad en ook op die platteland opgemerk. Elke jaar word die Museum geskakel en bykans dieselfde vrae word gevra: Waar was hierdie voëltjies gedurende die winter? Ek het 'n paar swaeltjies in Juliemaand in my erf opgemerk, hoekom het hulle agtergebly? Hoekom gaan die klein windswael nie weg vir die winter nie en die ander windswawelsoorte wel? Is die Oewerswaeltjies wat die hele winter rondom die dam en bo-oor die rivier rondgevlieg het eintlik 'n inheemse voëlsoort of is hulle ook van die Noordelike Halfrond afkomstig? Ensovoorts, ensovoorts.

Aangesien daar 17 swaelspesies in die gebied suid van die Limpopo voorkom, moet ons eers sekere verskille identifiseer tussen die verwarrende getal spesies om orde vir die oningeligte te skep. Die eerste is dat daar slegs drie spesies uitheemse trekvoëls is: die Europese swael, die Europese Oewerswael en die Huisswael; hulle kom by ons aan om die noordelike winter te ontsnap, en behalwe vir 'n paar uitsonderings in die geval van die Huisswael, broei hulle nooit in Suid-Afrika nie.

Al die ander swaels is regte inheemse voëls en hulle broei almal hier gedurende die somer. Heelwat van hulle, soos die welbekende Familieswael, die Witkeel-swael en die Pêrelbors-swaeltjie, is ook gewone trekvoëls wat vanaf Aprilmaand tot September na die warmer, tropiese dele van Afrika noord van die Limpopo trek. Dit is ook 'n feit dat die trekinstink by hierdie inheemse swaeltjies nie ewe goed ontwikkel is nie. Daar is byvoorbeeld die Afrikaanse Oewerswael of die Klein Streepswael wat slegs sekere gebiede op die Hoëveld in die winter verlaat maar dwarsdeur die jaar in die Laeveld gesien word. Daar is ook die Kransswael van die Hoëveld en die Saagvlerk-swael van die Suid- en Ooskaapse kus wat die hele jaar in die broeigebiede uithou.

Alle swaels is lede van die goed-omlynde voël-familie wat onder meer ook gekenmerk word deur die uiterste aanpassing om voedsel in die lug te kry. Hierdie eienskap om totaal afhanklik te wees van die beskikbaarheid van vlieënde insekte of te wel aeroplankton, verklaar tot 'n groot mate hul trekgewoontes. In suidelike Afrika is daar 'n betekenisvolle wederkerige daling van die

hoeveelheid aeroplankton in die winter, wat in die reël nie die geval is in die gematigde sones van die Noordelike Halfrond nie. Hierdie daling kan, juis omdat dit hier by ons nie so radikaal is nie, slegs die meerderheid van ons inheemse swaelspesies, maar tog nie almal nie, gedurende die winter in die suide uit hierdie gebiede verdryf.

Bogenoemde aanpassing is nie heeltemal uniek in die voëlwêreld nie. Daar is ook ander families soos dié van die Windswaels, die Naguile of Byevreters wat geheel en al hul kos in die lugruimte vang en dus is hul verblyf by ons in die winter aan dieselfde faktore onderworpe.

Ongeag die feit dat hierdie aanpassing 'n verregaande ooreenkoms in liggaamsbou en leefwyse tussen die Swael- en Windswaelfamilies tot gevolg gehad het, is dit ook 'n feit dat daar tussen Swaels en Windswaels geen ander verwantskap bestaan nie behalwe dat hulle albei voëls is.Ⓜ


## 1. Europese Swael — Uitheems



## 2. Witkeelswael — Inheems



### 3. Huiswael — Uitheems




geen donker band op die sy van die nek

### 4. Pêrelbors-swaeltjie — Inheems




donker band op die sy van die nek

### 5. Rooikeel-byevreter — Inheems



### 6. Klein-windswael — Inheems



---

## The Earliest Fossil Reptiles known from South Africa

Towards the end of 1979, while busy with fieldwork for a geological project on rocks from the Ecca Group near Prince Albert, the Karoo-Palaeontologist of the Museum, Bruce Rubidge, stumbled upon an *in situ* fossilised skull of a large reptile. This find immediately struck him as being perhaps the oldest fossil of a terrestrial reptile yet discovered in South Africa. Spurred on by this idea he searched the area for further fossils, but unfortunately to no avail.

Early in 1980, this find continued to tickle his imagination. Although the search for further

fossils proved unfruitful, he still felt convinced that if there was one there could be more! This curiosity resulted in a collecting trip to the same stratigraphic horizon in the Prince Albert district, during which 6 weathered reptilian skulls and numerous postcranial bones were unearthed.

These fossils are at present being prepared for further study. Unfortunately they are preserved in very hard rock and preparation is proving to be a very slow and tedious process. ©